

FAMNEA 2006-3
Aug 2006

SEKSTET

Nielette Nel (geb. Olen)

*Two households, both alike in dignity
In fair Verona where our scene is laid ...
(Romeo & Juliet – Proloog)*

Op 'n kennisgewingbord in die museum op Prins Albert verskyn daar die volgende

EXTEEN'S HOTEL

MRS. EXTEEN having purchased those Commodious Premises now occupied by MRS. DYASON in the rising village of Prince Albert, will shortly open a **FIRST CLASS HOTEL**.
The building will be completely renovated and well furnished, and the comfort and convenience of Travellers and Boarders will receive every attention.
The very best of Liquors kept in stock.
Rooms for Servants.
Stabling for Forty Horses.
M.E. EXTEEN, Proprietress.
Prince Albert, November 2, 1881

advertensie uit 'n ou koerant:

My Oumagrootjie Eksteen se doopname was Maria Elizabeth en sy was van 1881 tot 1885 die eienaar en bestuurder van wat vandag die Swartberg Hotel is en wat intussen tot Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar is.

Op 28 Januarie 1883 was daar 'n ernstige brand wat die voorste deel van die gebou vernietig het en ek vermoed dit is waar die Exteen-onderneming 'n knou gekry het. Hoewel die eiendom in 1892 eers aan Jan Haak oorgedra is, het hy toe reeds 'n paar jaar lank die bestuur van die hotel oorgeneem.

Vir Oumagrootjie Maria Elizabeth (gebore Van der Lith) sou ek graag wou geken het en in aksie gesien het. Sy spreek tot die herbergier in my. Vir 'n hotel

sien ek nou wel nie kans nie, maar daar is vir my min dinge lekkerder as om 'n gastekamer in te rig en na die "comfort and convenience of Travellers and Boarders" om te sien. Ek het nog altyd gewonder of sy 'n goeie kok was?

Volgens 'n brief van een van my groottantes het sy selde haar sewe dogters in die kombuis toegelaat. Waarom? Sou sy deesdae as 'n "control freak" bestempel word? Of was sy moontlik 'n soort vroeë feminis wat hulle in 'n ander rigting as die tradisionele wou stuur? Tot ongeveer drie jaar gelede was dit al wat ek van my Ouma Kitty se familiegeskiedenis geweet het. En dat sy as jong onderwyseres na Potchefstroom gekom het, waar sy my oupa Charlie Olén ontmoet het. Hulle is op 6 April 1898 in die Nieuwe Kerk in Tamboerskloof deur ds. D. Bosman getroud.

Ouma Kitty was 'n formidabele vrou wat 'n leidende rol in die gemeenskapslewe van Potchefstroom (en veral die Vrouefederasie) gespeel het, totdat sy as burgemeestersvrou op 6 Oktober 1939 oorlede is. Van Oupagrootjie Eksteen het ons letterlik niks geweet nie. Nie eens

sy naam nie. As kinders het ons altyd gewonder waarom die grootmense nooit van hom gepraat het nie, geen stories oor hom vertel het nie. Ons het allerlei bizarre moontlikhede oorweeg, maar ouers, ooms en tantes kon ons niks vertel nie en Ouma Kitty was reeds oorlede. Ek moes hom gaan soek!.

Die eerste verwysing na hom was in Ouma Kitty se sterfkennis, waar daar bloot aangeteken is dat haar vader se naam "Magiel" was en dat hy reeds oorlede was. Daaruit kon ek afl ei dat hy een van die ontelbare Michiel Casparus Eksteens moes wees wat ek in bestaande stamregisters en argiefstukke aangetref het. Maar *WATTER* een?

Vir elke een wat ek uitgeskakel het, het nog tien uit die argivalia opgedoem! Ek het soos Goethe se *Zauberlehrling* begin voel dinge is buite beheer en – soos so dikwels met die verloop van genealogiese navorsing – deur dwaalspore, doodloopstrate en onsekerhede gekenmerk. Vermoedens ("gut feelings") is altyd 'n goeie begin – mits dit nie tot ongesubstansieerde afleidings lei nie!

Uiteindelik was my sterkste vermoede dat hy die Michiel Casparus kon wees wat op 30 Augustus 1829 in Swellendam gedoop is – oudste seun van Johannes Cornelis Eksteen (b9c5d12) en Johanna Dolphina van Winterhoven. Johannes was die twaalfde kind van Michiel Casparus Eksteen en Maria Magdalena Louw. Baie dinge het daarop gedui – soos dat my ouma Kitty 'n ouer suster met die doopname Johanna Dolphina gehad het. Dit is nie 'n naam wat dikwels voorkom nie en as ek reg was, sou sy vernoem wees na haar ouma aan vaderskant. Die feit dat daar nie 'n nog ouer suster was wat na haar ouma aan moederskant (Maria Elizabeth Roux) vernoem is nie, kon ek verklaar deur die vermoede dat so 'n dogter moontlik jonk, selfs as baba, oorlede is.

Maar daar was 'n probleem – die besondere Michiel Casparus is op 28 Augustus 1853 op Swellendam met 'n Hermina Maria Nefdt getroud, *nie* met Maria Elizabeth van der Lith nie. Die egpaar het 'n seun, Johannes Cornelis (vernoem na sy oupa aan vaderskant), in Oktober 1854 op Swellendam laat doop. Selfs dit het my nie van stryk gebring nie. Dalk is Hermina oorlede en het hy as wewenaar 'n tweede huwelik aangegaan?

Maar ek kon nerens 'n sterfrekord vir 'n Hermina Maria Eksteen vind nie. Hoe op aarde kon ek bo alle twyfel bewys dat my oupa-grootjie en die Michiel hierbo een en dieselfde persoon was?

My eerste deurbraak het ek in die Kaapse Argief gekry en die vermiste skakel het iets heel onverwags opgelewer. Op 20 Oktober 1879 het Michiel Casparus Eksteen en Maria Elizabeth van der Lith op Prins Albert aansoek gedoen om 'n spesiale huwelikslisensie. Haar huwelikstatus word as "spinster" aangegee en syne as "divorced by the Circuit Court".

In 1879 kon 'n egskeiding nie 'n alledaagse gebeurtenis gewees het nie en moes destyds 'n opskudding veroorsaak het! Hoewel die naam van Michiel se eerste vrou nie



Hermina Maria Nefdt

genoem is nie, het my teorie al hoe meer lewensvatbaar begin lyk. Maar verder was daar niks, behalwe dat Michiel en Maria Elizabeth op 29 Oktober 1879 deur ds. Krige op Prins Albert in die eg verbind is. Hulle huwelikstaat ten tyde van die huweliksbevestiging word as "de facto" aangegee en daar is toe reeds ses van hulle elf kinders (agt oorlewend) op Prins Albert gedoop.

Maar waar en wanneer sou die huwelik van Michiel en Hermina sy knou gekry het? Die spoor het doodgeloop. Nog Swellendam, nog Prins Albert het verder iets opgelewer vir Hermina Maria Nefdt. Toe kry ek by 'n kleinniggie (mev. Idalette Strydom van Pretoria) 'n pragtige, kosbare foto van Michiel en Maria Elizabeth met hulle gesin van sewe dogters en 'n



Die Eksteen-aesin

seun. My niggie se ouma Lettie het almal se name agterop geskryf – die van die dogters met hulle getroude vanne:

Miemie Nel, Annie Stockenstrom, Kitty Olen, Margaret Chandler, Lettie Stockenstrom, Florence Juritz en Georgina Stevenson. Dit het my tog nog deurgaans gepla dat daar nie 'n rekord van 'n oudste dogter was wat na haar ouma aan moederskant vernoem is nie. Sou die tot dusver onbekende groot tante Miemie die verlore Maria

Elizabeth kon wees?

Ek het verbete en vergeefs oor en oor deur die mikrofilm van die Prins Albert-dooprekords getreil. Die kwaliteit van die film was plek-plek uiters swak en ek moes gefrustreerd aanvaar dat die betrokke inskrywing dalk net eenvoudig onleesbaar was. Uitmoedeloosheid het ek na die lidmaatskapregister gegryp. Op 21 Desember 1888 het 'n Maria Elizabeth Eksteen (18 jaar oud) op Prins Albert belydenis afgelê – sy sou dus in 1870 gebore gewees het, 'n jaar voor Johanna Dolphina (Annie). Heel moontlik Miemie – en my Maria Elizabeth!

Skielik sien ek dit – 'n notatjie in die opmerkingskolom en die enkele inskrywing wat uiteindelik tot die ontknoping van die hele verhaal sou lei - *Maria Elizabeth Eksteen is in LADISMITH gedoop!* Rasend opgewonde kon ek nie wag om fi guurlik gesproke in Ladismith aan te kom nie. En daar vind ek hulle – Michiel Casparus Eksteen en Hermina Maria Nefdt en nog vyf kinders – Anna Margaretha (1858), George Frederik (1859 ≈08.01.1860), Johanna Sophia Dolphina (1862), Machiel Casparus (1863), Hermina Maria Johanna (1865).

Op 10 Maart 1867 het die verhaal egter 'n dramatiese wending geneem. 'n Kind – Jan Abram – is op Ladismith gedoop. Die moeder was Hermina Maria Nefdt. Die vader se naam is


nie genoem nie. Die getuies was Jan Abram Nefdt en Magdalena Johanna van Tonder "als pleegouders" en Johannes Willem van Tonder en Anna Margaretha Nefdt "als getuigen".

Die rede vir die verbrekking van die Eksteenuwielik was meteens duidelik, veral toe daar van die volgende jaar af tot 1877 ses kinders gedoop is

van wie die ouers Heinrich Wilhelm Becker en Hermina Maria Nefdt was. En op 19 Junie 1870 is Maria Elizabeth, dogter van Michiel Casparus Eksteen en Maria Elizabeth van der Lith in Ladismith gedoop. Michiel en Maria Elizabeth het klaarblyklik daarna uit Ladismith vertrek, want die jaar daarop is hulle volgende kind, Johanna Dolphina (Annie), in Prins Albert gedoop.

Eintlik het ek hiermee my doel bereik – ek het die identiteit van my oupa-grootjie bo alle twyfel vasgestel en my Eksteen-lyn "tot op die skip" getrek. Maar ek kon dit nie daar laat nie. Ek moes gaan uitvind wat van almal

geword het en daarvoor sal ek nooit spyt wees nie, want die uiteindelijke kinkel in die kabel sou niemand ooit kon voorsien het nie. Soos ek altyd aan my kinders gesê het as dinge rof gaan en hulle ontsteld of moedeloos geraak het – *it's not over till it's over!*



H.W. Becker

Intussen het ek in die Kaapse Argief 'n verslag van die egskeiding in die Rondgaande Hofopgediep. Die saak, waarin Michiel vir Hermina dagvaar op grond van owerspel, het op 17 Oktober 1879 op Riversdal voor Regter Edward Dyer LLD voorgekom. "*After hearing the evidence advanced on behalf of the Plaintiff – the Court grants Dissolution of the Bonds of Matrimony, as prayed.*" Met 'n besoek aan Ladismith het ek meer oor Heinrich Wilhelm Becker uitgevind. Hy is op 29 Maart 1840 in Cassel, Duitsland gebore en het in 1860 in Ladismith aangekom toe daar slegs dertien huise op die dorpie was. Hy het uit Duitsland geëmmigreer omdat sy vader hom voorgeneem het dat geen seun van hom in die Pruisiese leer sou dien nie. Hy was eers boer en winkelier en later wetsagent en was ook twee-en-dertig jaar lank ononderbroke burgemeester van Ladismith. *Oakdene*, die woonhuis wat hy in 1876 laat bou het, is tans 'n Nasionale Gedenkwaardigheid en word deur die Departement van Korrektiewe Dienste as kantore benut. Die huis en die inhoud is in 1991 verkoop, na die afsterwe van mej. Thelma Blyth, Heinrich en Hermina se kleindogter en laaste lid van die Becker-familie om dit te bewoon.

Deur kerkrekords, boedels en later in 'n gesprek met 'n agter-kleinseun, mnr. Robin Blyth van Kaapstad het ek stelselmatig meer inligting oor Heinrich en Hermina se kinders bekom. Die een wat hier van belang is, is Heinrich en Hermina se tweede jongste dogter, Louisa Emily Mathilda (Louie). Sy is getroud met 'n Nederlandse emigrant, Gysbertus Jacobus Veldhuysen, en het op Ladismith bly woon. Hul enigste kind was 'n seun, Louis Heinrich. As

jongman het hy in die Standard Bank begin werk en is mettertyd (vermoedelik in die laat 1930's) na Potchefstroom verplaas.

Intussen het die gesin van Carl Ludwig Theodor (Charlie) Olen en Catherina Elizabeth (Kitty) Eksteen op Potchefstroom grootgeword. Hoe dit gebeur het, sou ek bitter graag wou weet – in die bank, by 'n winkeltoonbank, die tennisklub, die poskantoordans, aan huis van gemeenskaplike vriende, of dalk iets meer romanties – maar êrens het die jongste Olen-dogter, Vega Sven Hedin, die jong Veldhuysen ontmoet en op 3 Augustus 1940 was my niggie Marietta (Jock) Deglon en ek blommemeisies op die troue van 'n kleinseun van Hermina Maria Nefdt uit haar huwelik met Heinrich Wilhelm Becker met 'n kleindogter van Michiel Casparus Eksteen uit sy huwelik met Maria Elizabeth van der Lith ...!

Oom Veldie en Ant Vic was 'n gewilde egpaar, my geslag Olens se geliefkoosde oom en tannie. Hulle het vanwee Oom Veldie se beroep heelwat rondgetrek, maar Ant Vic was 'n



Die Veldhuysen-troue

tuisteskepper van formaat en oral waar hulle nes geskop het, is hulle huis gekenmerk deur warmte, gulhartigheid en gasvryheid. Daar was by hulle 'n ontspannenheid en 'n tikkie stoutigheid wat ons as kinders op ons gemak gestel het, ons laat voel het asof ons bondgenote was.

Hulle seuns, Louis Andre (reeds oorlede) en Johan (Jock), het die gene geerf van al vier die

rolspelers in 'n drama wat honderd-en-veertig jaar gelede beslis tot skok, hartseer en bitterheid moes gelei het. Familie en vriende het al te seker kant gekies, raad gegee en verdedigende repliek gelewer. Die klein dorpie het beslis gegons Maar die uiteinde is 'n mooi storie van versoening – des te meer merkwaardig omdat Michiel Casparus, Maria Elizabeth, Heinrich Wilhelm en Hermina Maria reeds oorlede was en dit nooit ooit sou kon voorsien het nie en omdat die agter-kleinkinders die onbewuste produk daarvan is. En hoe anders lyk die inskrywing van hierdie twee kinders in die Eksteen en Becker stamregisters in vergelyking met die tragiese en futiele een wat in die Capulet en Montague registers sou voorkom ...

KODA

Michiel Casparus Eksteen (b9c5d12e3)

* 07.08.1829 ≈ Swellendam 30.07.1829 sterfplek en datum onbekend (waarskynlik Kaapstad,

na 1899, voor 1907) s.v. Johannes Cornelis Eksteen en Johanna Dolphina van Winterhoven
bel. afg. Swellendam 03.10.1845 x Swellendam 28.08.1853 Hermina Maria NEFDT geskei deur
Rondgaande Hof, Riversdal 17.10.1879 xx Prins Albert 29.10.1879 met spesiale
huwelikslisensie Maria Elizabeth VAN DER LITH

Hermina Maria Nefdt (b4c3)

*Swellendam 19.04.1834 ≈ Swellendam 25.05.1834, bel. afg. Swellendam 29.03.1851 †
Ladismith 10.06.1909 d.v. George Frederik Nefdt en Anna Margaretha van der Vyver x
Swellendam 28.08.1853 Michiel Casparus EKSTEEN geskei deur Rondgaande Hof,
Riversdal 17.10.1879 xx Ladismith 07.11.1879 met spesiale huwelikslisensie Heinrich Wilhelm
BECKER

Heinrich Wilhelm Becker

*Cassel, Duitsland 29.03.1840 † Ladismith 07.01.1924 s.v. Heinrich
Christian Becker en Johanna Maria Elizabeth Muller x Ladismith 07.11.1879 met spesiale
huwelikslisensie Hermina Maria EKSTEEN, geb. NEFDT

Maria Elizabeth van der Lith (b2c7d6e?f9)

*Montagu November 1847 † Potchefstroom 14.01.1917 d.v. Pieter Blommerus van der Lith en
Maria Elizabeth Roux (sy tweede huwelik) x Prins Albert 29.10.1879) met spesiale
huwelikslisensie Michiel Casparus EKSTEEN (Maria Elizabeth Roux was die dogter van David
Hendrik Jeremias Roux en Catharina Elizabeth Verreyne)

Louis Heinrich (Veldie) Veldhuysen (b1)

*Ladismith 26.11.1910 † Potchefstroom 12.03.1976 s.v. Gysbertus Jacobus (Bertus)
Veldhuysen en Louisa Emily Mathilda (Louie)Becker x Potchefstroom 03.08.1940 Vega Sven
Hedin OLEN

Vega Sven Hedin Olen (b3c5)

*Potchefstroom 15.07.1916 ≈ Potchefstroom 03.09.1916 † Potchefstroom 23.01.1996 d.v.
Carl LudwigTheodor (Charlie) Olen en Catharina Elizabeth (Kitty) Eksteen x Potchefstroom
03.08.1940 Louis Heinrich VELDHUYSEN

KINDERS VAN MICHIEL CASPARUS EKSTEEN EN HERMINA MARIA NEFDT

f1 **Johannes Cornelis** *28.08.1854 ≈ Swellendam, Oktober 1854 bel. afg. Ladismith

25.09.1873 † Heidelberg, Tvl. 14.01.1928 x Prins Albert 28.12.1880 Rachel Isabella
Willemina Jacoba HATTINGH *29.07.1861 ≈ Prins Albert 29.09.1860 † 1959 d.v. Johannes
Jacobus Frederik Hattingh en Isabella Louisa Jacoba Hattingh (Geen kinders)

f2 **Anna Margaretha** *Februarie 1858 ≈ Ladismith 11.04.1858, bel. afg. Ladismith 01.10.1874 x
Ladismith Johan VELDHUYSEN * Amsterdam 1867 † Montagu-baddens, Montagu 12.12.1919

(Een dogter, een seun)

f3 **George Frederik** * November 1859 ≈ Ladismith 08.01.1860 (Vermoedelik jonk oorlede)

f4 **Johanna Sophia Dolphina** * Maart 1862 ≈ Ladismith (Vermoedelik jonk oorlede)

f5 **Machiel Casparus** ≈ Ladismith 13.12.1863 (Geen geboortedatum in doopregister. Geen getuies. Moontlik jonk oorlede)

f6 **Hermina Maria Johanna** *Mei 1865 ≈ Ladismith 16.07.1865, bel. afg. Ladismith

11.08.1883 † Calitzdorp 28.03.1910 x Ladismith 08.02.1887 Isaak Wilhelm CRAFFORD

*Ladismith 20.07.1863 † Ladismith 30.07.1900 s.v. Dirk Johannes Crafford en Carolina Christinavd Vyver (Twee dogters)

KINDERS VAN HEINRICH WILHELM BECKER EN HERMINA MARIA NEFDT

b1 **Jan Abram BECKER** ≈ Ladismith 10.03.1867 bel. afg. Ladismith 03.03.1883 x Ladismith 28.04.1891 Susanna Johanna Kloppers *1867 (Daar is dooprekords vir minstens een dogter en een seun uit die huwelik)

b2 **George Friedrich BECKER** * c.1869 bel. afg. Ladismith 09.05.1885 (16)

b3 **Susanna Elizabeth BECKER** * Maart 1870 ≈ Ladismith 26.06.1870 † Ladismith 1963.

Sy was ongetroud en het tot met haar dood op 93-jarige ouderdom in die ouerhuis Oakdene gewoon. Haar vader se testament het bepaal dat sy en haar weduweesuster, Anna Emilia, tot met hulle dood vruggebruik daarvan sal geniet.

b4 **Heinrich Christiaan (Harry) BECKER**

* c.1872 bel. afg. Ladismith 01.02.1890 (18) Oorlede in die 1918 griepiepidemie. Hy was MLA (Member of the Legislative Assembly) vir Ladismith en Hoofsweep in die regering van Generaal Louis Botha

b5 **Louisa Emily Mathilda BECKER** *26.07.1873 ≈ Ladismith 05.10.1873 † 21.09.1949 x Gysbertus

Jacobus VELDHUYSEN * Nederland, April/Mei 1866 † Potchefstroom 02.07.1955 s.v. Gijsbertus Jacobus

en

Anna Veldhuysen (Een seun – Louis Heinrich Veldhuysen)

b6 **Anna Emilia BECKER** ≈ Ladismith 18.04.1875 bel. afg. Ladismith 26.08.1894 x George Kinnear BLYTH * Beaufort-Wes Junie 1863 † Heidelberg, Tvl. 24.05.1912 s.v. David Henderson Blyth en Sophia Catherine Kinnear.

b7 **Edward Carl BECKER** *Oktober 1877 ≈ Ladismith 16.12.1877 bel. afg. Ladismith

05.05.1895

KINDERS VAN MICHEL CASPARUS EKSTEEN EN MARIA ELIZABETH VAN DER LITH

- f7 Maria Elizabeth** (Miemie) *27.02.1870 ≈ Ladismith 19.06.1870, bel. afg. Prins Albert 21.12.1888 x Prins Albert ("met licentie") 05.09.1892 Johannes Petrus NEL * Ladismith 23.10.1866 s.v. Johannes Petrus Nel (b10c5d9e7f4) en Zacharia Gertruida Klopper (Tot dusver is daar dooprekords gevind vir drie dogters en 'n seun)
- f8 Johanna Dolphina** (Annie)* 18.02.1871 ≈ Prins Albert 18.12.1871 † Prins Albert 12.12.1919 x Prins Albert 08.04.1895 Johannes STOCKENSTROM *Oktober 1863 † Prins Albert 26.09.1941 s.v. Johannes Jacobus Stockenstrom en Johanna Aletta Susanna Georgina Nieuwoudt (Vier seuns en 'n dogter) **f9 Catherina Elizabeth (Kitty) *22.11.1873** ≈ Prins Albert 27.12.1873 † Potchefstroom 06.10.1939 x Kaapstad 06.04.1898 Carl Ludwig Theodor (Charlie) OLEN *Potchefstroom 15.04.1876 † Potchefstroom 21.03.1952 s.v. Carl Ludvig Olen en Martha Johanna Kotze (Vier seuns, twee dogters – die jongste, Vega Sven Hedin Olen)
- f10 Aletta Hester** (Lettie, Letitia) *10.05.1875 ≈ Prins Albert 22.06.1875 bel. afg. Potchefstroom 19.12.1908 x Prins Albert, Jacobus Johannes STOCKENSTROM * Prins Albert 1871 † Klapmutsstasie (stasiemeester) 29.04.1908 s.v. Johannes Jacobus Stockenstrom en Johanna Aletta Nieuwoudt (Drie dogters)
- f11 Theodoor Edward** *22.09.1876 ≈ Prins Albert 19.12.1877 (Vermoedelik jonk oorlede)
- f12 Michiel Casparus** (Mike) *11.11.1877 ≈ Prins Albert 03.06.1878 † Kimberley 06.02.1942 x Griquastad Lydia Augusta LOUW (Drie seuns, vier dogters)
- f13 Georgina Margaret** *25.12.1878 ≈ Prins Albert 1879 † 25.11.1904 x Kaapstad 13.02.1900 Thomas Lorne STEVENSON *23.07.1871 Dudley, Worcester, Engeland s.v. James Stevenson en Marian Smith (Een seun)
- f14 Florence Henriette** *10.08.1880 ≈ Prins Albert 12.09.1880 † Kenilworth, Kaapstad 08.05.1911 x Kaapstad 14.12.1899 Carl Friedrich Faure JURITZ (b1c2) s.v. Carl Friedrich Baerwald Juritz en Catharina Cornelia Christina Lindemann (Een dogter)
- f15 Glendoline (sic!) Leonora** * 03.08.1882 ≈ Prins Albert 10.09.1882 (Vermoedelik jonk oorlede)
- f16 Pieter Blommerus** *18.10.1883 ≈ Prins Albert 27.12.1883 (Vermoedelik jonk oorlede)
- f17 Margaret Felicia (Margie)** * Januarie 1885 ≈ Prins Albert 29.03.1885 bel. afg. Potchefstroom 01.10.1909 † Pretoria 27.11.1963 x Sidney John CHANDLER (Sid) * Woodford, Engeland Oktober 1880 † Pretoria 29.07.1956 (Geen kinders)

(Pretoria, 7 Maart 2006)